NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 12 APRIL 2026**

# TWEEDE SONDAG VAN PASE

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Bid vir gemeentes en spesifiek ons gemeente se werksaamhede, beplanning en groei***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**1 Petrus 1:17-23; Handelinge 2:14a, 36-41;**
**Psalm 116:1-4, 12-19; Lukas 24:13-35**

**SONDAG, 12 APRIL**

09:00 Oggenddiens -
Bevestiging van Kerkraaadslede
Kleuter- en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Gemeentebediening
Erediensspan 2 – Heidi Jonas

**Na afloop van die Erediens**
- Gemeentetee
- Senior Kategese

**MAANDAG, 13 APRIL**

19:00 Sportmanne Bybelstudie
19:00 Vroue Bybelstudie

**DINSDAG, 14 APRIL**

09:30 Senior Burger Bybelstudie
19:00 Eiendomme kommissie vergadering

**WOENSDAG, 15 APRIL**

09:30 Vroue Bybelstudie
19:00 Erediens en aanbidding kommissie vergadering


**DONDERDAG, 16 APRIL**

18:00 Getuienis aksie kommissie vergadering

**Sopbeurte**: Carina De Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Luci Mulder,
Heléne Steenkamp, Suzette Engelbrecht, Delean Coetzee

| VRYDAG, 17 APRIL |
|---|
| |
| **SATERDAG, 18 APRIL** |
| |
| **SONDAG, 19 APRIL** |
| DERDE SONDAG VAN PASE<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Jan Kriel Instituut<br>Erediensspan 3 – Elda van der Merwe<br><br>**Na afloop van die Erediens**<br>• Gemeentetee<br>• Senior Kategese |

# GEMEENTENUUS



1. Kobus Bouwer (Annandalestraat) is tans in die hospitaal.
2. Sarel Esterhuizen (Avalon) was in die hospitaal en sterk aan tuis.
3. Maxi Cronjé (Othello) was in die hospitaal en sterk aan by die huis.
4. Kotie Geldenhuys (Othello) se dogter in Engeland het slegte nuus ontvang.
5. Ronel Triegaardt (Koistraat) het die goeie nuus ontvang dat sy nou in remissie is.
6. Stephne Bam (Populierstraat) het in die week haar tweede graag ontvang. Die een in gevorderde onderwys.
7. Phillip Fourie (Brackenfell) het Saterdag ingegaan vir 'n operasie.
8. Johan van Schalkwyk (Van Aardestraat) sterk aan by die huis.
9. Ons het die volgende lidmaatskap ontvang:
   Colleen Janse van Rensburg vanaf La Rochelle
10. Kallie Pauw (Gladiolistraat) ondergaan in die komende week 'n operasie.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



12/04 Hennie le Roux, Anneline Dippenaar, Mike van Wyk, Naomi Huysamer, Nicholis Grobler, Doutie Vermaak
13/04 Eric Deutschmann, Lizelle van Zyl, Gerrie Bester (86), Sylnita Filies, Wynand Deyzel (jnr), Christene Meyer, Hanta De Wet
14/04 Tamara Basson
15/04 Rudie Swart, Karien Botha, Pamela Nel, Liana de Wet
16/04 Reinhard Herselman, Isabel Vlok
17/04 Deon Delport, Christo van As, Madré de Bod
18/04 Mari Swart, Francois Heydenrych, Mienke-Marie Williams, Sion Bartin

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende lidmate word bevestig as blokleiers:
   Sias Koen, Handré Lategan, Aldert Cuperus, Maria Holswilder

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Gemeentebegeleiding

Gemeentebegeleiding se roeping is om gemeentes te ondersteun om in uitdagende tye te **floreer en te blom**. Deur verskeie instrumente help ons leiers om diep na die Woord en hul gemeenskap te luister, sodat hulle onder leiding van die Gees God se voorkeurtoekoms vir hul gemeente kan onderskei.

**Kontakbesonderhede:**
Admin-opdaterings (predikantewisseling/e-posse): Mathilda by mdup@kaapkerk.co.za.
Webwerf: https://communitas.co.za

# KOSMANDJIE

Soos ons almal weet, raak die lewe regtig nou duur. Daarom waardeer ons elke item wat u kan bydra tot ons kosprojek. Die produkte word uitgedeel aan gesinne in ons eie gemeente. Hierdie is ‘n manier om anoniem te help. Baie dankie aan elkeen wat bydra, dit word opreg waardeer.

Die volgende items is tans laag :

- melkpoeier
- vlapoeier
- aanmaak koeldrank 750ml
- koekies
- koekmeel 1kg
- droë ertjies / boontjies
- mince mate
- sout / peper / speserye
- bief- / hoenderekstrak
- blikkies ertjies
- kookolie 750ml
- tamatiesous
- mayonnaise
- aanrol – mans / dames
- opwasmiddel
- sponsies

kondensmelk
koffie 500g
ontbytgrane
lekkers
bruismeel 500g
soppoeier
kitspoeding
tamatiepasta
blikkies tamaties
blikkies tuna
asyn 750ml
blatjang
toiletpapier
sjampoo (2 in 1)
waspoeier



Nogmaals baie dankie vir elke item.

Mandjies vol groete

# HUIS DE KUILEN

Huis De Kuilen hou ‘n “Modern Rojalty” Oggendtee met gassprekers.

18 April 2026, 09:00 vir 09:30. Kaartjies is R100 p/p

Hulle benodig nog 4 gasvroue. Indien jy belangstel kontak vir Elzané Feyt by

021 903 7055 of bemarking@huisdekuilen.co.za

Vir meer inligting sien kennisgewingbord.

# BASAAR




# BASAAR - AKKERBLARE TE KOOP

30 Mei 2026 klink nog vêr, maar voor jy jou oë uitvee, hou De Eike basaar.

Akkerblare gaan vanjaar weer die enigste betaalmiddel op die dag van die basaar wees en is reeds nou te koop by die kerkkantoor.

Jy kan dus jou aankope daarvan versprei oor 'n paar maande.

Betaal kontant of met kaart, of EFT na kerk se rekening:
ABSA BANK – takkode: 632005
Rekening nommer: 3010590069
Verwysing: JOU NAAM + AKKERBLARE
Betalingsbewys na: ngkeike@cybersmart.co.za

Besoek of kontak die kerkkantoor om 'n reëlings te tref.

**Baie dankie aan die groepie lidmate wat ons gehelp het met die voorbereiding van die Akkerblare – dit word opreg waardeer.**

# NUUS UIT DIE FINANSIESKANTOOR

Ek gee graag terugvoer oor die afgelope 3 maande se syfers:

| | **Januarie 2026** | **Februarie 2026** | **Maart 2026** |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 181 624 | 177 494 | 194 404 |
| Totale inkomste | 269 897 | 283 673 | 295 934 |
| Totale uitgawes | 402 719 | 429 249 | 401 824 |
| **Surplus / (Tekort)** | **(132 822)** | **(145 576)** | **(105 890)** |

Ons is reeds kliphard besig met die voorbereidings vir die Basaar (op 30 Mei) en daar is ook ‘n hele paar ander projekte en fondsinsamelings wat beplan word vir die volgende paar maande.  Hou dus die aankondiginge dop om te sien waar en hoe jy betrokke kan raak (en om seker te maak jy mis nie uit nie).

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

# GEBEDSVERSOEKE UIT INDIë

Rahul en Lorette, die sendelingpaar in Indië wat goed bekend is aan De Eike, het die onderstaande gebedsversoeke gestuur. Hulle het ondersteuners wêreldwyd, daarom is dit in Engels.

Update April:

# We are very grateful for your prayers. Thank you so much for standing with us.

# Lorette safely returned to India after the situation in the Middle East caused delays. She is currently in Ooty, packing up the house and saying her goodbyes. We thank God for his guidance and comfort.

# Neels (former partner at Fresh View Farm) was in India to help with the work there, but had to return to South Africa earlier than planned, because his wife, Esmé, was admitted in hospital. Please pray for her, she has serious ongoing health issues.

# We’re asking God for the miracle of new partners to join us at the farm very soon.

# Rahul is working extremely hard between the farm, laundromat and care center. He is tired and quite discouraged, although he remains grateful for God’s sufficient strength and wisdom for each day.

# Please pray for Priyanka and Nadia. For their studies, Priyanka is in her final year and Nadia in her first. For Godly friends and that they both will long for a deep and meaningful relationship with God. We miss them dearly, please pray for all of our hearts.

# PREEKSKETS - SONDAG

## Tema: Wat beteken dit om ná Paasfees te leef?

**Prediker:** Ds Johan Janse van Rensburg

**Skrifgedeelte:** Johannes 20:19–23

Ons staan aan die ander kant van Paasfees. Die klip is weggerol. Die graf is leeg. Die woorde "Hy het opgestaan!" weerklink nog in ons ore. Maar nou kom die vraag: Wat nou? Wat beteken dit om ná Paasfees te leef, nie net om dit te vier nie, maar om daarin te leef? Johannes 20 neem ons reg in daardie oomblik in. Agter geslote deure. Die dissipels is nie besig om fees te vier nie. Hulle is bang. Hulle sit vasgevang tussen wat gebeur het en wat dit beteken. Die wêreld buite is nog dieselfde. Die dreiging is nog daar. Die onsekerheid hang swaar in die lug.

Dit is juis waar Jesus opdaag. Deure wat vir mense gesluit is, is nie vir Hom 'n hindernis nie. Dit is die eerste waarheid oor die lewe ná Paasfees: Jesus kom na ons toe waar ons is. Hy wag nie dat die dissipels eers hul vrees oorkom nie. Hy wag nie dat hulle hul geloof regkry nie. Hy kom eenvoudig in. Hy groet hulle met die woorde: "Vrede vir julle."

Om ná Paasfees te leef, beteken om te leef uit hierdie vrede. 'n Vrede wat nie afhanklik is van omstandighede nie, maar van die teenwoordigheid van die opgestane Here. Dit is 'n vrede wat kom in die chaos, nie nadat die chaos verdwyn het nie. En dan doen Jesus iets merkwaardigs. Hy wys hulle sy hande en sy sy. Die wonde is nog daar.

Dit is die tweede waarheid: Om ná Paasfees te leef, beteken om anders na jou wonde te kyk. Ons almal dra letsels. Seer van verlies, teleurstelling, sonde, gebrokenheid. Paasfees sê nie dit het nooit gebeur nie. Dit sê: God kan dit herskep. Dit wat jou wou breek, kan in Christus 'n getuienis word van genade.

Nadat Jesus die lewe vir hulle so herskryf sê Hy vir hulle: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Dit is die derde waarheid: Om ná Paasfees te leef, beteken om gestuur te wees. Paasfees is nie net iets wat ons ontvang nie; dit is iets wat ons uitdra. Die dissipels word nie net vertroos nie, hulle word gestuur. Hulle kry nie net vrede nie, hulle word draers van vrede. Dit geld ook vir ons.

Maar Jesus stuur hulle nie alleen nie. Hy blaas oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees." Dit is 'n diep simboliese oomblik. Dit herinner hulle aan die skepping waar God sy asem in die mens blaas. Hier begin iets nuuts: 'n nuwe skepping. Dit is die vierde waarheid: Om ná Paasfees te leef, beteken om deur die Gees te leef. Ons kan nie hierdie lewe self leef nie. Ons kan nie self die vrees oorwin, of ons roeping uitleef nie. Ons het die Gees nodig.

Dan eindig hierdie gedeelte met woorde oor vergifnis. Dit bring ons by die laaste waarheid: Om ná Paasfees te leef, beteken om 'n lewe van vergifnis te leef. Dit klink amper vreemd, maar herinner die dissipels daaraan dat hulle deel word van God se werk om mense vry te maak.